## ARTIKEL 9

9.1 Die fokus van die amp van die predikant is die bediening van die Woord (in al sy gestaltes) en van die sakramente, sowel as die toerusting van gelowiges vir die deelname van die kerk aan die werk van God in sy wêreld.

9.2 Die predikant is geroep om die Woord van God te bestudeer, onderrig daarin te gee en dit oral te verkondig; om die sakramente te bedien en om saam met en vir die gemeente te bid en 'n navolger van Christus te wees op so 'n manier dat ander hom / haar kan navolg.

9.3 Die amp van die predikant funksioneer binne ‘n gemeente of as deel van dienswerk van die kerkverband in die wêreld.

9.4 In gemeentes aanvaar die predikant veral verantwoordelikheid vir die prediking en die bediening van die sakramente. Die predikant is, saam met die ander ampte, is verantwoordelik vir:

- die diens van die gebede,
- eredienste,
- onderrig en toerusting,
- opbou van die gemeente,
- die gemeente se dienswerk in die wêreld,
- leiding en organisering van die gemeente,
- uitoefening van Christelike liefde en tug,
- pastorale versorging

Kerkrade onderskei, saam met die predikant, oor die wyse waarop dié roeping en

verantwoordelikhede, in lyn met bepaalde begaafdhede, uitgeleef word en vervat dit in diensooreenkoms.

9.5 Die predikant neem ook deel aan die gesamentlike bediening van die kerkverband in die onderskeie kerklike vergaderinge en ekumeniese verhoudings.

9.6 As deel van die dienswerk van die kerkverband aan die wêreld tref die kerkverband reëlings oor wyses waarop die predikant deelneem aan die werk wat God in Christus deur sy Gees in die wêreld doen.